NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

08 Maart 2026

## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Elna | Fouché | 03/14 |
| Nico | Fourie | 03/09 |
| Ters | Groenewald | 03/10 |
| Sj | Lourens | 03/10 |
| Melinda | Moolman | 03/13 |
| Hennie | Mostert | 03/13 |
| Frikkie | Oosthuizen | 03/12 |
| Nerina | Shepherd | 03/14 |




## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Suiderlig Dienssentrum

**Donderdag**
11h00 Kommunikasie

**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie
09h00 All Pay

**Sondag 15 Maart**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Msinga

'n Emoji vir die wêreld se skaarsste soogdier



## SUIDPUNTKOOR

Oud en jonk - ons het vonk! ALMAL is welkom om by ons aan te sluit. Donderdae om 15h30 tot 18h00 in die NG Kerk STRUISBAAI,.
Soos die Engelsman sou sê:
" The more, the merrier!"
Kontak Christa-Marié Williams by 082 556 2850 of Karin Michau by 072 347 6568

**LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD** op die Kerkraads-vergadering van 24 Februarie 26: Voorsitter en leier Kommuni-kasie: Kobus Smith

## Herfsbasaar: Opwipwinkel 27 Maart

Het jy netjiese klere, hoede, handsakke, juwele, skoene wat jy nie meer gebruik nie? Jy kan dit dalk skenk vir ons OPWIP-WINKEL? KOM KOOP SELF!
Gee net jou goedjies by die Kerkkantoor af voor/op 18 Maart (Di - Do, 08h00 tot 12h00). Merk net asb. jou sak JOANIE.

**Teksvers:** Joh.16:33 "Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."

## Ons bid vir...

1. Die kategete wat soveel moeite met ons kinders doen .
2. Suiderlig Dienssentrum wat wonderlike diens verrig om mense se lewens te vergemaklik.
3. Boere en hulle werknemers wat swaarkry vanweë droogte en bek-en-klouseer in ons land.
4. Annamarie Judd en haar span wat die komende HERFSBASAAR koördineer.
5. Kinders wat toetse skryf.
6. Almal wat swaarkry, wat hulle omstandighede ook al mag wees.
7. Kobus Smith, ons Kerkraadsvoorsitter, vir wysheid en insig.
8. Deernis en betrokkenheid waar moontlik.

**STRAATWERK** 'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor. Hulle benodig ook handdoeke en lyfseep vir die storte in die Bo-Kaap,
Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.

## Suiderlig Dienssentrum

Het jy geweet vrywilligers maak elke dag kos vir 80 mense? Alle vrywilligers wat werk, is bejaardes. Suiderlig Dienssentrum is van 2025 af 'n volgeregistreerde dienssentrum vir bejaardes. Dit is 'n Klas C Dienssentrum wat nog nie subsidie ontvang nie. Hulle het 177 opbetaalde lede en al word hulle nie gesubsidieer nie, funksioneer hulle voluit. Hulle lewer elke dag van die week dienste: biblioteekdiens, gesondheidsdienste, kuiergeleenthede weekliks en dan die kos vir 'n maksimum van 80 mense elke dag. Verder hou die Suiderlig Dienssentrum 4 groot insamelingsveldtogte per jaar: Februarie se konsert, 'n Paasbasaar, Kersfees in Julie en 'n Kersete in Desember. Pannekoeke word elke Saterdag verkoop. Amanda Conradie sê hulle is op en wakker en aan die gang. Hulle is dankbaar om deel te wees van die Suidpuntlewe en is innig dankbaar vir ons donasie wat vandag as deurkollekte vir die Suiderlig Dienssentrum opgeneem gaan word.

# Doen & Deel

## RETRAIT OP GANSBAAI

Kontak asb.vir Marina van Dyk @ 082 5288 864 as jy die RETRAITE van die NG Kerk Gansbaai wil bywoon. Gansbaai val in ons Ring
(Ring van Caledon).
Plek: Beloftebos/ Datum: 17 - 19 Maart/ Koste: R1 250 per persoon. Hoe lyk dit?
Kontak asseblief vir Marina van Dyk as jy wil gaan. Die koste sluit oorslaap @ R500 per nag p.p. in, asook die etes. Dus 2 aande se oorslaap met 'n klein groepie vroue. Dit kan net lekker wees!
Die aanbieder is Elna Mouton, wat 'n professor in Nuwe Testament by US, asook kapelmeester by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit op Wellington was.

## DANKIE VIR:

1. Geseënde geleenthede van gebed.
2. Die Agulhasblokke wat reggestaan het vir tee en verversings op die Wêreldbiddag vir mans en daarna vir vroue.
3. Al die deelnemers aan die program van ons Wêreldbiddag.
4. Proppie en Tertius Groenewald wat gasheer en gasvrou was vir Ilse Roux, ons spreker by die Damesoggend.
5. Almal wat hard gewerk het agter die skerms en al die donasies wat ons ontvang het om ons Damesoggend 'n sukses te maak. Dankie ook vir elkeen wat deelgeneem het aan die oggend se program en elke gas wat die funksie kom bywoon het.
6. Ds. Franziska se insette in ons gemeente en gemeenskap.
7. Die genotvolle MUSIEKTALENT-KONSERT by die Dienssentrum wat Esmaré Burger gereël het. Dankie vir die geleentheid vir Suidpuntkoorlede om te kon deelneem (klankspan, sang, klavierspel, lyndanse, organiseerder en die seremoniemeester). Ja, Esmaré is self ook 'n koorlid!
8. Die duidelike wyse waarop Max Michau en Erna Schuite die Kerk se finansiële beplanning aan die Kerkraad uiteengesit het. Ons waardeer julle harde werk!